

Lekkerbekkie Nuusbrief

6 MEI 2014 | UITGAWE 56



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Die koekoekhorlosie
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinder stories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die koekoekhorlosie deur Anna Emm

In Oupa en Ouma se huis staan 'n koekoekhorlosie. Maar die deurtjie gaan al lankal nie meer oop nie, en daar is al lankal nie meer 'n koekoekie in die horlosie nie.

“Wat het van die koekoekhorlosie se voëltjie geword?” vra Fanie vir Oupa.

“Nee, ek sal nie weet nie,” sê Oupa. “Hy het seker weggetrek en vir hom 'n ander huisie gaan soek.”

Daardie middag bekyk Fanie die koekoekhorlosie van naby. Die horlosie tik-tok saggies. Fanie maak die deurtjies saggies oop. Die pieplein huisie is leeg. Versigtig vee hye die spinnerakkie uit die huisie, en maak dit mooi skoon en netjies. Dan skryf hy 'n pieplein briefie op 'n pieplein stukkie papier, en sit dit in die huisie. Die briefie sê: “Koekoekie gesoek vir hierdie horlosie. Moet mooi kan sing elke uur.”

Vir lank staan die huisie in die horlosie nog leeg, maar een oggend toe Fanie met sy karretjies in die sitkamer speel, slaan die horlosie skielik drie-uur en die deurtjies swaai oop! En kan jy glo? 'n Vetterige liewenheersbesie wip uit en roep: “Dis drie-uur, julle!”

“A nee a!” raas Fanie. “Jy is mos nie 'n koekoekie nie? Jy kan nie elke uur die tyd roep nie – die horlosie moet SING!”

Hartseer vat die liewenheersbesie toe maar sy tassie en trek weer uit die horlosie uit. Vir 'n paar dae staan dit leeg, maar toe – een oggend om tienuur – slaan die horlosie en die deurtjies swaai weer oop. Hierdie keer is dit 'n muis wat daar sit en op sy hardste, presies tien keer, PIEP PIEP PIEP!

“Hoor hier,” sê Fanie, “jy is baie oulik en ek gee nie om vir die piep nie, maar as Ouma jou daar sien gaan sy sowaar flou neerslaan! Sy is baie, baie bang vir muis! Ek dink nie jy is die regte een vir ons horlosie nie.”

Die muis pak toe maar ook sy tassies en gaan soek vir hom 'n ander huisie iewers in die tuin. Die dae gaan verby, en niemand kom woon in die huisie in die horlosie nie. Maar een nag is daar 'n vreeslike storm, en Fanie word wakker van 'n geluid by sy venster. Hy staan saggies op, en maak die venster oop. En daar, in die yskoue reën, sit 'n pieplein voëltjie en bibber. “Kom binne!” fluister Fanie, en hy tel die voëltjie van die vensterbank af op.


“Dankie tog!” roep die voëltjie en skud haar veertjies droog. “My huisie het weggespoel in die storm. En ek het nêrens om heen te gaan nie. Waar gaan ek weer 'n huisie kry?”

Maar Fanie glimlag. Hy weet presies waar die regte huisie vir hierdie klein voëltjie is! En dis hoe die koekoekhorlosie in Oupa en Ouma se huis weer 'n voëltjie gekry het. 'n Voëltjie wat elke uur by die deurtjies uitwip en hard sing: “KOEKOEK! KOEKOEK!” – vir almal om te hoor.

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Die koekoekhorlosie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za